



KOVID 19

Koronavirus

Graad 3





K o r o n a v i r u s

K O V I D 19





Wat is Kovid 19?

Die koronavirus of Kovid 19 is 'n kiem wat maklik versprei tussen mense. Dit amp soos 'n griepvirus.



Die kiem het ontstaan in Wuhan – 'n stad in China



Die koronavirus hou daarvan om te reis



en spring van hand na hand!




Hoe kry ek die kiem?

- Die kiem word oorgedra van hand na hand en dan na jou oog of neus of mond!
- Die kiem kan vaslou aan items ook!! Byvoorbeeld 'n pakkie meel wat mamma van die winkelrak afhaal.
- As iemand wat die kiem het, hoës en jy asem dit in.



Hoe voel mense wat die kiem het?

Dit tas 'n mens se longe aan.



Die kiem veroorsaak moeilike asemhaling, koors en hoës.





Moenie te veel bekommer nie!

Die kiem bly nie lank by mense nie en amper almal word weer gesond

Wat kan jy doen om jouself veilig te hou?

Moenie aan jou neus, oë of mond raak nie.



Moenie aan ander mense raak nie. Bly 2 meter weg.



Hoes in elmboog of sneusdoekie en gooi dit dadelik weg.



Dra 'n masker.



Was gereeld jou hande.



Gebruik hand-ontsmettingsmiddels.



Jy is deel van **geskiedenis**!!!



Ons is al vir meer as 50 dae in 'n grendeltydperk. Jy doen jou skoolwerk op die rekenaar! Dit gaan nog 'n rukkie so wees, maar een van die dae gaan jy terugkom skool toe. Daar gaan 'n paar veranderinge wees by die skool. Dit is om jou veilig te hou.




- Jy en jou juffrou sal 'n masker moet dra.



- Almal gaan gereeld hande was en ontsmettingsmiddel gebruik.



- Jy en jou maatjies sal nie baie naby mekaar kan sit of speel nie.



Daar gaan nog veranderinge wees. maar ons is so opgewonde om weer saam met ons maats en juffrou lekker te leer!!



Korona wael



Soms is dit cool by die huis,
ander dae slaan ek kussings met my vuus.
Boeta skree en mamma raas,
ander dae speel ons buite en eks die baas.
My werk is agter, my werk is gedoen.
Eendag voel ek soos 'n wurm,
ander dae 'n kampioen!
Masker dra is nie vir my,
maar dis nodig om gesond te bly.
Hande was en hande skrop,
ek sing 'happy birthday' 3 keer in my kop!
My pelle, die see en playalot,
Sien een van die dae my liewe maat!



hoop

